


## *Vreemde Burgers*
## 1 Petrus 2:11-17

### *'n Verlange om te onttrek*

'n Film wat my vroeërjare diep geraak het, is *Into the Wild*. Dit vertel die verhaal van Chris McCandless – 'n student wat ontnugter geraak het met die samelewing en besluit het om alles agter te laat. Hy sny bande met sy familie, gee sy geld weg en begin 'n reis wat hom al verder weg neem, tot diep in Alaska waar hy alleen in 'n verlate bus gaan woon.

Soos die dae verbygaan, begin die isolasie hom egter inhaal. Sy voorraad raak min, die winter kom nader, en uiteindelik eindig sy verhaal daar – alleen. Een van sy laaste insigte wat hy neerskryf, is dat geluk, en selfs die lewe self, eers werklik word wanneer dit gedeel word.




Hoewel ons dalk geneig is om sy keuse te bevraagteken, lê daar iets diep menslik in hierdie verhaal. Daardie verlange om los te kom, om te vlug, om nie meer deel te wees van die samelewing nie, is nie vir ons vreemd nie. Dit is 'n impuls wat telkens weer in die menslike geskiedenis opduik – veral wanneer die wêreld rondom ons onseker, gebroke of oorweldigend voel.

### *Die Esseners*

Reeds in die Bybelse wêreld sien ons soortgelyke bewegings. 'n Groep soos die Esseners het juis gekies om hulleself te onttrek uit die samelewing. Hulle was 'n Joodse geloofsgemeenskap wat ongeveer tussen 200 v.C. en 100 n.C. geleef het – dus in dieselfde breë tydraamwerk as die lewe van Jesus en die ontstaan van die vroeë kerk.

Wat ons van hulle weet, kom uit bronne soos die geskiedskrywers Josephus en Philo van Alexandrië, asook uit die ontdekking van die Dooie See Rolle naby Qumran. Hierdie rolle bevat van die oudste bekende afskrifte van Ou-Testamentiese tekste.

Die Esseners het geglo dat die samelewing van hul tyd korrup en onrein geword het, veral onder die invloed van die Romeinse Ryk. Daarom het hulle die stad verlaat en in die woestyn gaan woon, waar hulle 'n alternatiewe gemeenskap probeer vorm het – weg van die alledaagse wêreld, weg van die kompleksiteit van die samelewing.

### *Vreemdelinge en bywoners*

Dit is binne hierdie wêreld dat die vroeë Christelike gemeentes ontstaan. Hulle beleef hulself as mense wie se identiteit verander het: hulle behoort nou aan Christus. En tog leef hulle steeds binne die samelewing – in dorpe, in stede, in 'n wêreld wat nie noodwendig hul geloof deel of verstaan nie. Hierdie spanning word vasgevang in die woorde waarmee Petrus hulle aanspreek: "vreemdelinge en bywoners."

Hierdie vreemdelingskap word nog verder verskerp deur die werklikheid van vervolging

en antagonisme. Omdat hulle nie die keiser en ander gode aanbid nie, begin hulle uitstaan en dikwels ook uitgestoot word. Hulle word verkeerd verstaan, verdink, selfs beskuldig.

### *Bly – moenie onttrek nie*

Teen hierdie agtergrond sou dit nie ondenkbaar gewees het om te kies om te onttrek nie. Om, soos die Esseners, die wêreld agter te laat. Om ’n veilige ruimte te skep waar hulle hul geloof sonder druk kan uitleef.

Maar dit is juis hier waar Petrus iets verrassend en beslissend sê. Hy roep hulle nie om te onttrek nie, maar om te bly. Om juis daar waar hulle hul bevind – binne die stad, tussen mense, in die alledaagse lewe – hulle geloof uit te leef.

Sy oproep is nie bloot passiewe teenwoordigheid nie. Dit is ’n aktiewe roeping: dat hulle deur hulle lewens, deur hulle goeie dade, sal wys na die goedheid van God. Dat hulle lewe self ’n getuienis word.

### *‘n Ander manier van leef*

Hierdie roeping is nie ’n maklike een nie, veral nie binne ’n konteks van druk en vervolging nie. Tog roep Petrus hulle nie tot opstand of geweld nie, maar tot ’n ander manier van leef.

Om die goeie wat daar is te erken, om deel te neem waar dit moontlik is, maar ook om – deur hulle lewe – die gebroke en onregverdige uit te daag. Nie deur mag nie, maar deur getrouheid. Nie deur oorheersing nie, maar deur ’n lewe wat anders lyk.

Dit is ’n stille, maar radikale manier van wees. ’n Lewe wat nie noodwendig die wêreld se aandag opeis nie, maar wat tog stadig en getrou iets anders sigbaar maak.

### *Die pad van die kerk*

Deur die eeue bly hierdie spanning deel van die kerk se verhaal. Daar was tye en bewegings van afsondering – gemeenskappe wat, soos die Esseners, gekies het om hulleself te beskerm teen die wêreld deur afstand te skep.

In die Middeleeue sien ons byvoorbeeld hoe kloosters ruimtes geword het waar mense hulself kon onttrek aan die chaos van die wêreld – oorloë, siektes, politieke onstabiliteit. Binne hierdie mure het ’n ritme van gebed, sang en toewyding ontwikkel. Hierdie tradisie het ’n ryk bydrae tot die kerk gelewer – deur spiritualiteit, deur die bewaring van tekste, deur ’n lewe van fokus op God.

Maar daar was ook ’n gevaar: dat geloof iets word wat afgesonder is van die alledaagse lewe. Dat die wêreld buite die mure al hoe meer los raak van die lewe van geloof.

Dit is juis hier waar die Reformasie ’n belangrike skuif maak. Denkers soos Martin Luther en Johannes Calvyn het daarop aangedring dat geloof nie beperk kan bly tot afgesonderde ruimtes nie. Dat die hele lewe – werk, familie, stad, samelewing – deel is van die ruimte waar God teenwoordig is.

Hulle het nie die waarde van toewyding ontken nie, maar die mure oopgebreek. Hulle het gesê: die roeping van die gelowige is nie om die wêreld te ontvlug nie, maar om binne die wêreld te leef – en juis daar getrou te wees.

### *Die stad as roeping*

Die roeping van gelowiges is dus nie om van die wêreld te ontsnap nie, maar dat die stad self ’n plek kan word waar God se teenwoordigheid sigbaar is. Dat die lewe van geloof nie agter mure afgespeel word nie, maar in die alledaagse – waar mense leef en werk en mekaar ontmoet.

Hierin sien ons ook iets van die pad van Jesus self. Hy het nie op ’n afstand gebly nie, maar tussen mense kom woon. Hy het Hom soms onttrek na stil plekke, maar telkens weer teruggekeer – na dorpe, na strate, na mense. Sy lewe wys vir ons: God se beweging is nie weg van die wêreld nie, maar in die wêreld in.

### *Vir gesprek en nadenke*

- Waar ervaar jy tans die versoeking om te onttrek?
- Hoe lyk dit vir jou om “anders” te leef waar jy is?
- Watter klein dade kan deel wees van God se groter werk?
- Hoe kan jou geloof sigbaar word in jou alledaagse lewe?